


LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD**Sondag 6 Mei 2012**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Skrifberyming 1.1:1 & 2		Skrifberyming 3-4:1 & 5	
2.	Skrifberyming 9-4:1 & 3		Skrifberyming 2-4:1 & 3	
3.	Psalm 32:1 & 2	Bl.154	Psalm 103:1 & 2	Bl.504
4.	Psalm 92:1 & 2	Bl.466		

**BYBELSTUDIEGROEPE****SONDAG 6 Mei 2012**

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Hebreërs**.

WOENSDAG 9 Mei 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Lukas**.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

**VRYWILLIGERS BENODIG**

As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. André de Jager.

55 PLUSERS

Omkring solank die datum, Vrydag 25 Mei, op jul kalenders en hou die volgende Simbaal dop vir meer besonderhede.

SKOOLVERLATERSKAMP

Tussen 8 en 13 Julie vind die skoolverlaterskamp te Nooitgedacht plaas. Meer inligting sal later beskikbaar wees.

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 6 Mei 2012

Nommer 13

DIE SATAN IS DIE VADER VAN GEWELD

Ons lewe in `n tyd van onbeteuelde geweld en misdaad wat dreig-dreig om die samelewing te verswelg. Moord, diefstal, kapings, roof, verkragtings, massamoord laat jou keel toetrek van angs. `n Mens kan vandag omtrent nêrens gaan nie of daar moet op een of ander manier gesorg word vir beveiliging en bewaking.

Dan verstom dit `n mens om in Jesaja 2 te lees dat daar `n dag sal aanbreek dat militêre opleiding gestaak sal word en dat polisie diens nie meer nodig sal wees nie. Dan sal die mense van hulle swaarde pikke maak, van spiese snoeimesse en van tenks kruiswaens.

- In die Paradys was dit so – geen geweld en misdaad nie.
- Daar was nie oorlogstoerusting nie.
- Daar was nie polisie en soldate nie.
- Dit was nie God se bedoeling dat mense sou steel, moor, roof, verkrag, vermink en veg nie.
- Die duiwel en die mense self het hiermee begin
- Die mense het die vryheid wat God hulle gegee het, misbruik. Tóé het die swaard die eerste keer op die toneel verskyn [Gen. 3:15 & 24].

Van daardie moment af was die geskiedenis van die mens nooit sonder wapens, oorloë, misdaad, bloed, dood, polisie en soldate nie. Dit is die refrein van die geskiedenis van die sondige mens: oorlog op oorlog, moord op moord, geweld op geweld, misdaad op misdaad, afgryslike dood op afgryslike dood.

Jesaja profeteer dat dit nie vir altyd sal aanhou nie. Maar tot dan sal ons op aarde vrede moet maak met die werklikheid dat polisie, soldate en bewaarders daar sal wees.

(Vervolg op bladsy 7)



PREKE VANDAG



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **DIE GERECHTIGHEID VAN GERECHTIGHEID****Lees:** Matteus 5:3-12**Teks:** Matteus 5:6

Om te honger en dors na gerechtigheid is om te honger en te dors na genade, na vergifnis, na verlossing.

En dit eers wanneer ons die genade van God in Christus ken dat ons werklik ook daarna kan begin smag om in gerechtigheid te lewe.

Aanddiens Tema: **VERGEWE ONS! AL VERDIEN ONS DIT NIE.****Lees:** Eksodus 34:1-14**Teks:** Eksodus 34:7-9

Heidelbergse Kategismus Sondag 6

Moses het 'n probleem. Hy weet dat die Here die sonde van die volk nie ongestraf kan laat nie. Maar hy weet ook dat die volk nie die sonde kan betaal nie. En daarom bid hy om vergifnis.

En die wonder is – God vergewe.

**HOE SÊ GOD, WAT MOÉT EK DOEN**

Deuteronomium 10: 12 “En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.”

Mense is snaakse goed! Vra iemand om meer te doen as gewoonlik en hy voel veronreg. Vra hom om minder te doen as gewoonlik en hy is vir jou kwaad omdat jy niks van hom dink nie. As jy vir God vra: “wat moet ek doen?” – kan jy gerus wees! God verwag van elke mens presies dieselfde, volgens elkeen se vermoë. In vers 12 vra God van elke gelowige vier dinge: ^[1] **eer**, ^[2] **gehoorsaamheid**, ^[3] **liefde**, ^[4] **diens**. Dié vier dinge **MOET** elke gelowige doen. Dit is nie 'n geval van óf nie. As jy dink dit is te veel moet jy in gedagte hou dat Jesus dit ook gedoen het. Deur sy dood aan die kruis het Hy dit vir jǒu moontlik gemaak om dit ook te kan doen. Jesus se volmaakte gehoorsaamheid maak dit vir jou moontlik. Onthou, dit is wat jy **móét DOEN** as gelowige uit dankbaarheid vir die verlossing. Vir God kan jy nie “ja, maar...” sê nie. Dit wat God van jou verwag **moet** jy

doen omdat Hy reeds aan jou die nodige gawes en vermoëns gegee het om dit te kan doen.

Dr. Nico van der Merwe

Hierdie bewaarders van veiligheid dra nie wapens in hulle eie naam om wild en wakker te skiet nie. God het owerheid en gesag ingestel sodat mense in die gemeenskap beskerm kan word teen hulle wat kwaad doen [Rom. 13:3-4; 1 Tim.2:1-2]. Dit is God se genade dat die mens op die sondebelaaië aarde nog beskerm word teen die magte van die bose. God doen dit ook deur die **tien gebooe**. Dit is daar wat God vir ons sê jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie lieg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie selfsugtig begeer nie. Hierdie wet is nie moeilik nie. As die mense na die wet van God geluister het sou almal se lewe 'n fees gewees het. Wat doen hulle egter?

- God se wet word verontagsaam.
- God se wet word geïgnoreer.
- God se wet word oortree.
- God se wet word geminag.

En wat gebeur nou?

Die mens begin doodmaak, steel, sedeloos lewe, vloek, skel Tog hou God nie op om met die mens te praat nie. Hy stuur sy Seun om van die sonde te verlos. Dan saai Hy hierdie verlossingsboodskap uit oor die aarde. Hiermee is God besig elke dag en elke nag praat, praat, praat.....

En terwyl God deur sy geroepe boodskappers aanhou met die mense praat, moet God se polisiemanne, soldate en veiligheidsmense reg en orde handhaaf. Hulle moet die ruimte skep vir mense om die woorde van God te kan hoor. En hulle moet dié wat gehoor en tot geloof en bekering gekom het aanmoedig, versterk, motiveer en beskerm. Die mense wat deur die Gees van God nuwe mense geword het in Jesus Christus moet begin uitreik na 'n ander lewe. Dit is 'n lewe sonder geweld, moord, haat, seerkry.

Elke keer as jy in die erediens opstaan om jou geloof te bely dan sê jy dat jy een van die nuwe mense is wat aan 'n nuwe toekoms bou. 'n Toekoms sonder wapens en oorlog ... sonder bloed en tranes ... sonder geweld en moord ... sonder angste en vrees. Daarheen is God met sy kerk op weg. Die mensegeskiedenis loop uit op die wederkoms van Jesus Christus en dan die ewige lewe.

6. SIMBAAL 6 Mei 2012

BORG 'N BYBEL



U is reeds bewus daarvan dat die Sinode 2012 die konsep van **Borg 'n Bybel** goedgekeur het! Dit het te doen met die aanslag wat gevolg word ten opsigte van Bybelverspreiding om lidmate meer bewus te maak van die *ware betekenis* van Bybelverspreiding eerder as om die bydraes te sien as 'n las of dat die Kerkraad dit sien as 'n raming! Dit kom daarop neer dat ons ter wille van die onduidelikheid en onkunde rondom die begrip van Bybelverspreiding, eerder die fokus sal plaas op die **Bybel** eerder as op die geld wat bygedra moet word, met ander woorde, dat ons in 2012 lidmate (kinders en grootmense) sal aanmoedig om elkeen ten minste een Bybel te borg gedurende die jaar. Dié aksie (borg) sal help dat 'n ander mens wat honger na die Woord, 'n Bybel sal kan kry teen 'n bekostigbare prys. 'n Standaard bybel kos tans R52-00 en dit is die bedrag wat bygedra moet word om een Bybel te borg.

Tradisioneel was bydraes vir Bybelverspreiding beperk tot kollekte en enkele individuele bydraes per koevert. Die gemeente word aangemoedig om deel te neem aan die **Borg 'n Bybel-konsep**. Die ideaal is dat elke belydende en dooplidmaat 1 Bybel per jaar borg. Dit beperk nie die aktiwiteit van die gemeente nie want u kan **meer as een** Bybel per jaar borg. Hoe lyk dit sal Klerksdorp-Noord nie een Bybel per kwartaal of een Bybel per maand borg nie? Die kerkraad poog om 'n **barometer** in die vierkant op te sit wat aantoon hoe ons as gemeente vorder. Die barometer sal bygehou word soos wat gelde (borgskappe) ontvang word. Kom ons poog almal om teen 28 Oktober 2012 hierdie aksie af te sluit met die gebruiklike muntlegging. Elke maand kan u solank 'n bedrag by u bydrae koevert insluit en merk dit vir Bybelverspreiding. Daar is nog 6 maande oor, so elke maand net R10 beteken dat u ook 'n positiewe bydrae gelewer het tot hierdie grootse saak om die Woord te versprei.

DIE EERSTE AROS OPEDAG

Die eerste Aros-opedag (**A**kademie **R**eformatoriese **O**pleiding en **S**tudies) vind DV op 26 Mei 2012 plaas. Enige voornemende Grondslagfase-onderwyser is welkom om saam met hul gesin die dag by te woon.

Aros is geseën met 143 eerstejaars wat hul studies in 2012 by Aros begin het, in totaal is daar 317 studente hierdie jaar by Aros. Mag ons in die jare wat kom nog

meer Christen-onderwysers vir die praktyk voorberei om so ook 'n werklike verskil in kinders se lewens te maak!

SIMBAAL 6 Mei 2012

3.

SUSTERSVERGADERING 9 MEI

Al die susters word vriendelik uitgenooi na die Sustersvergadering op Woensdag 9 Mei 2012 om 18h30.

Marina de Lange praat oor persoonlikheidstipes, en hoe ons kommunikasie met ander kan verbeter as ons dit in ag neem.

Sameroepster: Marlene Lemmer (083 287 6455)

SUSTERSAKSIE

Die susters bied 'n **Pik & Proe-ete** aan op DV Vrydagaand 11 Mei 2012 om 18:30 in die saal.

Kaartjies is beskikbaar by die wyksameroepers of skakel met Kotie Oosthuizen 082-808-5062.

Volwassenes – R50 & Laerskoolkinders – R30

Kom ondersteun hierdie funksie, leer mekaar ken, kuier saam en geniet die groot verskeidenheid van geregte wat aangebied word.

SUSTERSWERKSPLAN

Die werksplan van die susters vir 2012 is:

SUSTERSVERGADERINGS WOENSDAE - 2012	BESTUURSLID AAN DIENS VIR DIE MAAND
9 Mei	MARLENE LEMMER
6 Junie	ELMARIE KRUGER
JULIE – GEEN VERGADERING	ISABEL DE JAGER
1 Augustus	MARIETJIE VAN ASWEGEN
5 September	SOPHIA V D MERWE
10 Oktober	MAGDA V D WALT
7 November	MARIANA AUCAMP
DESEMBER – GEEN VERG.	KOTIE/BETS

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
6 Mei	Barmhartigheid	Thusofonds
13 Mei	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
20 Mei	Barmhartigheid	Christelike Onderwys-ARSO
27 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging



GEMEENTEPGRAM

Sondag 6 Mei tot Saterdag 12 Mei 2012

Sondag 6 Mei	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 6 Mei	Katkisasie les 10	10:30-11:00
Sondag 6 Mei	Jeugdiens	18:00-19:00
Sondag 6 Mei	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00
Woensdag 9 Mei	Bybelstudie Konsistorie	10:00-11:00
Donderdag 10 Mei	Inbetalings bydraes	17:30



TEESKINKBEURTE

Sondag 6 Mei 2012	Wyke 23 & 24
Sondag 13 Mei 2012	Wyke 25 & 26
Sondag 20 Mei 2012	Wyke 27 & 28
Sondag 27 Mei 2012	Geen teeskink / Nagmaal



VERJAARDAE

6 Mei 2012 tot 12 Mei 2012


07 Mei	Nita Steyn	Wyk 18	018-468-2842
07 Mei	Alida Buys	Wyk 28	079-868-8588
08 Mei	Marietjie van Aswegen	Wyk 25	082-553-2643
08 Mei	Corleen van Aswegen	Wyk 25	079-138-1232
08 Mei	Karin du Plessis	Wyk 27	084-850-0877
09 Mei	Thinus Booysen	Wyk 27	082-781-0322
10 Mei	Igna van der Walt	Wyk 13	074-121-6295
10 Mei	Luné White	Wyk 25	018-468-3820

Van harte geluk, al die lidmate wat in die loop van hierdie week verjaar. Mag dit vir u 'n vreugdevolle dag wees en 'n geseënde nuwe lewensjaar.



4

SIMBAAL 6 Mei 2012



SIMBAAL 6 Mei 2012

5.

HEMELVAARTDIENS

Donderdag 17 Mei 2012 vind die **Hemelvaartdiens** onder toesig van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord plaas. Die diens begin om 18:00 by ons kerkgebou.



LIEF EN LEED



- ♦ Ons dink met liefde aan die **Van der Westhuizen-gesin**, wat op die oomblik deur 'n moeilike tyd gaan. Br. Anton en sr. Santie van der Westhuizen het die afgelope week Anton se broer, Roelf, in Heidelberg begrawe. Die gesin het ook in Desember 2011 'n broer (en oom van Jan, Louis, Anton jnr. en Stefan) aan die dood afgestaan. Santie het die afgelope week 'n knieervangingsoperasie in Randfontein ondergaan. Ons bid hulle sterkte en die troos van die Here toe met die verwerking van die verlies, en vir Santie met die pyn en ongemak. Mag sy sommer gou weer op die been wees. (Wyk 24 ☎ 018-468-3553)
- ♦ Ons meelewing gaan aan **br. Johan en sr. Hanlie Mocke** na die afsterwe van br. Johan se enige oorlewende oom, P.J.P. Mocke (82). Johan het verlede week die lang afstand Weskus toe afgelê om die begrafnis op Lambertsbaai by te woon. Mag ons Vader se vertroosting ook met julle wees. (Wyk 23 ☎ 018-468-3671)

- ♦ **Sr. Tersia van der Merwe** sterk tans tuis aan, nadat sy 'n week lank in die Anncron Kliniek vir akute brongitis behandel is. Mag jy spoedig volle herstel ondervind. Twee van die van der Merwe's se skoonseuns (Elsabe en Rina se mans) ontvang tans hospitaalbehandeling. Dit lei tot groot kommer en spanning (Wyk 8 ☎ 018-468-1782).
- ♦ **Br. James Cunningham** was met sy motor in 'n ongeluk betrokke. Behalwe vir die skade is hy nie beseer nie. Ons dank die Here saam met julle dat Hy jou bewaar het. (Wyk 5 ☎ 018-464-1789)